**SA MEDIA**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 1 4 | 0 0 0 2 2 4 0 5 5 | 8 | 2633 |

**DIE BURGER** Jr. ........ Nr. ........ P. 3 Dat. 24 FEB 2000


# Herstrukturering van staatsbates word nou versnel

KAAPSTAD. – Die herstrukturering en privatisering van staatsbates gaan vanjaar versnel sodat 'n beraamde R5 miljard in die nuwe geldjaar vir skuldverligting verdien kan word. Dit sal toeneem tot R10 miljard teen 2002/2003.

Die tweeledige doelstelling van herstrukturering en privatisering is om ekonomiese doeltreffendheid te verbeter en dienste aan meer mense te verskaf, het min. Trevor Manuel gesê.

Die herstrukturering vind plaas binne die nasionale raamwerk-ooreenkoms wat voorkeur gee aan die vermindering van staatskuld, herkapitalisering van staatsondernemings en die uitbreiding van deelname in die ekonomie.

Deur die kundigheid van die private sektor in te bring, het die staat toegang verkry tot tegnologie, die oordrag van vaardighede, die kapitaal vir uitbreiding en organisatoriese hernuwing.

Die tesourie het 'n eenheid geskep wat nasionale en provinsiale departemente sal help om staat en private vennootskappe te identifiseer, tot stand te bring en in werking te stel.

In die 1999/2000-geldjaar is R6,9 miljard verdien hoofsaaklik deur die omskakeling van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko- Versekeringsvereniging (Sasria) in 'n staatsmaatskappy met 'n laer reserwevlak.

Die omskakeling het die skulddienskoste verlaag om hulpbronne beskikbaar te stel vir besteding aan maatskaplike dienste en infrastruktuur.

Die volgende staatsbedrywe of -ondernemings sal in die 2000/2001-geldjaar herstrukturering of privatisering ondergaan: staatsbosbou (Safcol en ander ondernemings), diamantmynwese (Alexkor), Eskom, Sasria, Telkom, Transnet, wapens (Denel), Sentech, SABC en die Poskantoor.


**TREFWOORDE**

1. Sake Burger
2. Manuel T
3. Begroting
4. Parlement
5. Herstrukturering
6. Privatisering
7. Bates
8. Regering
9.
10.